Publication: Beeld,Saturday (Sport)
Publication Date: 01 Apr 2017
Page: 37

AVE: 42504.00
Circulation: 39761
Part: 1 of 1

# Soet en suur van Wits se Varsitybeker-reis

**Tinus van Staden**

Wits se sprokiesreis deur vanjaar se Varsitybeker-reeks het die verbeelding van die rugbypubliek behoorlik aangegryp.

Nog nooit het 'n span wat die vorige seisoen nog aan die Varsityskild-reeks deelgeneem het, só hoog op die puntelys geëindig nie. Wits is vanjaar vyfde.

Die Universiteit van die Witwatersrand het met twee ligapunte 'n plek in die halfeindronde misgeloop, maar die span se afrigter, Hugo van As, bestempel die seisoen uiteraard as 'n klinkende sukses.

"Dit was vir seker 'n suksesvolle seisoen. Ons het al ons doelwitte en teikens bereik. Ons het tog só naby aan 'n halfeindstryd gekom," sê hy.

Wits het vanjaar vier van sy agt wedstryde gewen. Die vier nederlae was teen die vier spanne wat sake Maandag in die halfeindrondes uitspook – Tukkies, Maties, die Universiteit van Johannesburg (UJ) en Shimlas.

As iemand vir Van As verlede jaar sou sê dit is hoe sy span se seisoen sou verloop, sou hy maar al te bly wees.

"Ons sou skepties wees as jy verlede jaar moes sê ons sou vyfde eindig. Maar ek moet sê die span is gedrewe en ons streef hoog en werk om dit te bereik. Die motivering was baie groot en die ouens het, ondanks verskeie uitdagings, baie goed gevaar.

"Ons het geweet ons het 'n goeie span, maar ons het ook geweet dat diepte altyd 'n probleem sou wees. Nog 'n uitdaging was ervaring. Ons het nie eintlik ouens gehad wat oor Varsitybeker-ondervinding beskik nie," sê Van As.

Die breier meen ál die spanne in die reeks sal volgende jaar verbeter. Die boonste twee, Maties en Tukkies, sal altyd 'n krag wees omdat hul



**Die blou golf. . . Wits se rugbyspan het behoorlik op die oefenveld gesweet, en die vrugte daarvan gepluk.** Foto: CORNEL VAN HEERDEN

onderskeie werwingsprogramme verseker dat dié twee universiteite altyd goeie spelers inkry.

Aanstaande jaar hang die swaard van 'n promosie-/relegasiewedstryd weer oor die kop van die span wat laaste in die Varsitybeker-reeks eindig. Dit plaas bykomende druk op Wits om te verseker dat hy op vanjaar se veldtog voortbou.

In 'n jaar waarin Wits vier oorwinnings – 39-3 oor Ixias, 22-13 oor Pukke, 30-20 oor Madibaz en 35-23 oor Ikeys – behaal het, was daar uiteraard baie hoogtepunte.

"Die sege oor die Pukke (die verdedigende kampioen) was ons eerste groot oorwinning. Maar die wedstryd teen die Ixias, ons eerste tot nog toe in die reeks, was baie spesiaal," sê hy.

Die breier is ook trots op sy span se vertonings in die wedstryde teen die voorste twee spanne. Maties het Wits met 26-14 verslaan en Tukkies was met 25-9 baas. "In albei wedstryde was daar tye waar hulle met ons kon weghol. Maar ons het kop gehou en hulle daarvan weerhou om ons 'n deeglike drag slae te gee," sê hy.

Wanneer daar oor 'n seisoen gereflekteer word, is daar altyd 'n paar teleurstellings wat opduik.

"Ek dink ons was binne bereik van oorwinnings teen die spanne wat derde en vierde geëindig het. So, dit is 'n teleurstelling dat ons daardie wedstryde nie kon deurtrek nie," sê hy. Die Shimlas het Wits met 26-21 geklop en UJ het met 28-23 gewen.

Van As sal ook wil sien dat die manier hoe spelers én skeidsregters die reëls interpreteer, verbeter.

"Ek dink die vertolking van die reëls deur die skeidsregters en spelers bly 'n uitdaging. Skeidsregters doen ongelooflike werk, maar ek dink daar is ook 'n paar kwessies."

Die breier het sy vaste vyf en losskakel en kaptein, Warren Gilbert, as staatmakers deur die seisoen uitgesonder.

Die sukses wat Van As vanjaar op die veld behaal het, het die vraag laat ontstaan of hy straks gereed is om sy afrigtingsvaardighede op 'n groter verhoog uit te stal.

"Ek sal vir seker nie omgee om op 'n groter verhoog af te rig nie. Al is dit as 'n hulpafrigter. Ek dink elke afrigter het die ambisie om hoër hoogtes te bereik," sê Van As.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.